VERJAARSDAE : 21 TOT 27 JUNIE 2009

06/21	LOURENS	BOTHA	VAN RIEBEECKLN 194	Blok 2
06/21	CAITLYN	LEE (ERASMUS)	THEODORESTR 45	Blok 1
06/21	JAN	NESER	HANS STRIJDOMLN 46	Blok 3
06/21	PIETER	ESTERHUYSEN	HANS STRIJDOMLN 273	Blok 1
06/22	NICO	FOURIE	HANS STRIJDOMLN 215A	Blok 2
06/24	ANNEKE	GOUWS	LANGEBRINKWEG 120	Blok 4
06/25	SANETTE	HAMBRIDGE	DF MALANLN 127	Blok 3
06/26	JANNEMAN	OPPERMAN	ERIKA WS 3	Blok 1
06/27	BETS	REDELINGHUYS	RIDGEWOOD 33	Blok 4
06/27	WILLEM	LANDMAN	KRUGERLN 88	Blok 3

SPESIALE GELUKWENSE

Hartlik geluk aan oom Willem Landman, Krugerln 88, wat Saterdag 27 Junie sy 86ste verjaarsdag herdenk. Mag die nuwe lewensjaar vir u vol vreugde, geluk en seën wees.

HUWELIKHERDENKINGS 21 TOT 27 JUNIE 2009

DINSDAG, 23 JUNIE
LOUIS EN BIANCA NAUDÉ — VILLA SAN MARCO 2 — Blok 4

VRYDAG, 26 JUNIE
GAWIE EN RINA PRETORIUS — VAN RIEBEECKLN 30 — Blok 4

חי

Dr Liandi Fourie
MBChB(Pret)
Algemene Praktisyn

Ons passie is
volhoubare gesondheid
dmv 'n natuurlike benadering,
lewenstylbeplanning
en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark
012-6530564

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 21 Junie 2009

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 21 JUNIE
Deurkollekte : Jeug

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman (Tema: Viering)
09:00 Kinderediensteenste
10:00 GETUIENISAKSIE : JAARVERGADERING

DINSDAG, 23 JUNIE
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie
19:00 Droomspanbyeenkoms (in bo-kamer)
19:00 Sektor 2 Veiligheidsvergadering

WOENSDAG, 24 JUNIE
17:00 Biduur
19:00 PARKNAVALVERGADERING
IN SAAL
18:30 Alphakursus

VRYDAG, 26 JUNIE
Skole sluit
18:00: OppiKoffie "BASH"

SONDAG, 28 JUNIE
Deurkollekte Motorwag
09:00: Erediens

SONDAG, 5 JULIE
Deurkollekte : Noodlenigingsfonds
09:00 Erediens:

SONDAG, 12 JUNIE
09:00 Erediens:

WOENSDAG, 15 JULIE
Inbetaling Diakonie

DONDERDAG, 16 JULIE
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SONDAG, 19 JULIE
Deurkollekte : Jeug
09:00 Erediens

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012-664-3629) skakel.

VOORBIDDING

1. Pieter en Anna Veldsman, Tecoma w/s 5 met Pieter wat Vrydag 'n ernstige breinoperasie ondergaan het (Blok 1).
2. Apie en Karen Erasmus, Theodorestraat 45 met Karen wat tuis herstel. (Blok 1).
3. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat DV Junie/Julie 'n nieroorplanting ondergaan. (Blok 2) Ons vra voorbidding vir die hele gesin.

As jy belangstel om die volgende Alpha kursus by te woon, wil ons jou hartlik uitnooi om eerskomende Donderdag-aand 'n bekendstellings dinee by te woon. Laat weet of jy kom sodat ons vir jou kan voorberei deur een van die volgende nommers te skakel:
Rita Barnes: 0832974703 / 0126631610
of
Freddie Schoeman 0126643751 / 0845818139
Tyd: 18:00 vir 18:30
Plek: Gemeentesentrum, NG Lyttelton-Oos

DIE GEBEDSBRIEF 20

SONDAG 21 JUNIE 2009

Liewe Gemeente

Ons is besig om 'n gebedsnetwerk in werking te stel in ons gemeente en hopenlik is dit een van die dae in volle werking. Daar is baie administrasie ensovoorts wat agter hierdie saak lê en ons kan by voorbaat dankie sê vir Ds. Freddie wat soveel moeite doen daarmee en ook die inisiatief geneem het hieromtrent. Ek het op 'n leesstuk afgekom oor gebedskettings en wil dit graag aan u oordra.

Dit is duidelik dat gebedskettings deel van God se strategie in die volgende aantal jare gaan wees. Daar het groot deurbrake gevolg op die verootmoediging van Christene in Suid-Afrika tydens die verkiesing in April 1994. Daar het ook groot deurbrake gekom na die gebede voor en op "A Day to Change the World, 25 Junie 1994". Maar dit was net die begin. Ons moet voortgaan om met volharding te bid tot elke persoon op aarde die evangelie gehoor het, ons land herstel is, ware versoening tussen die verskillende groepe in die land gekom het en daar geestelike herlewing in die kerk in Suid-Afrika en wêreldwyd gekom het.

Ons is oortuig daarvan dat die kerk 'n tydvlak binnegaan waar volgehoue, volhardende en intensiewe gebed nodig is. Ons oortuiging is dat ons in die volgende aantal jare 'n groot oplewing in gebedskettings gaan sien en ook groot geestelike deurbrake as vrug van hierdie gebedskettings. Ek wil gebedsgroepe aanmoedig om deel te word van die gebednetwerk asook elke gemeentelid in ons gemeente. Niegemeente lede is natuurlik ook baie welkom om hierby in te skakel. Dis nou afgesien van ons normale gebedstye. Dit sal 'n gees van volhardende gebed kweek en meehelp dat daar geestelike deurbrake in ons land en in ander dele van die wêreld kom, dan praat ek nie eens van in ons gemeente en die persoon vir wie u gaan bid nie. Dink net in u geestestoestand aan die ongelooflike LIG wat sal opgaan wanneer elke lid van hierdie gemeente op die selfde tyd vir 'n sekere tydperk begin bid.

Gebedskettings is nie 'n nuwe gebedsvorm nie, maar dit is asof dit in die afgelope jare begin herleef het. Die doel van 'n gebedsketting is om 'n groep mense te kry wat om die beurt vir 'n spesifieke tyd vir 'n spesifieke saak sal bid. Daar kan argumentshalwe besluit word om vir 'n maand lank vir geestelike hernuwing in die gemeente te bid. Daar word dan mense gesoek wat elk 'n uur of 'n halfuur sal neem en daagliks of weekliks of op watter ander manier ook al, vir die bepaalde saak sal bid. So 'n gebedsketting is hoogs effektief as dit reg georganiseer word waar dit beteken dat elkeen weet waarvoor hulle bid en wanneer.

Daar moet terugvoering gegee word oor antwoorde op gebede en die voorbidders moet met mekaar kan deel wat hulle in hul onderskeie gebedstye beleef het. Dit kan wees dat die Here 'n spesifieke woord aan die hele groep wil deurgee. Dit kan kom in die vorm van 'n visioen, droom, teksgedeelte of 'n bepaalde indruk. Dit kan 'n belofte wees, 'n vermaning, 'n waarskuwing of leiding oor wat en vir wie daar gebid moet

BELANGRIKE DATUMS HIERDIE JAAR:

- **19 September: PARKNAVAL**

(Ons jaarlikse groot feesgeleentheid wat ons vir ons gemeenskap reël)

- **9-11 Oktober: GEMEENTEKAMP**

'n Geleentheid om saam te kuier, lag en speel—vir 'n hele naweek lank!

TERUGVOER

Jou terugvoer is vir ons belangrik!

Om beplanning te doen, dinge te verbeter, 'n ryker eredienservaring te skep, ons gemeentebediening en –praktyke te verskerp is dit vir die leierskap van die gemeente uiters belangrik om te hoor wat lidmate sê.

Die terugvoerkaarte in die banke is een belangrike manier waarop jy kan terugvoer gee en kan aandui wat jou opgewonde en bly maak en die wat die haakplekke en krapplekke in die gemeente is.

Vul dus gerus sommer nou 'n terugvoerkaart in!

Baie dankie—ons waardeer dit regtig baie.

KOM BID SAAM!

Sondagoggende vanaf 08:00 in bo-kamer
Ons bid vir:

- die erediens
- ons gemeente
- spesiale versoeke (terugvoerkaarte)

Kom berei jouself geestelik voor vir die erediens
Kom wanneer jy kan, bly solank jy wil, gaan wanneer jy moet …

Wanneer gelowiges bid sidder die duiwel ...

Woordwyser e-pos dagstukkies

Ontvang daagliks in jou e-pos 'n Woordwyser dagstukkie!

Elke Woordwyser-dagstukkie is 'n wyser na die Woord toe—dit help jou om elke dag se Skrifgedeelte te verstaan deur genoeg agtergrondinligting en woordverklarings te gee. Bybelboeke word sistematies behandel.

Teken in @ R50 per jaar deur na die Oostelike Sinode se webwerf te gaan (www.sinoos.co.za) en op die tuisbladsy op die skakel by "Daaglikse e-dagstukkie" te klik of tik die volgende adres in jou internetprogram in: http://www.sinoos.co.za/e-dagstukkie

PARKNAVAL

SATERDAG 19 SEPT 2009

Die Parknaval gaan weer vanjaar in sy volle glorie aangepak word. Die stadsraad het die prys vir die gebruik afgebring en iemand was so vrygewig om dit vir ons te borg. Daar is ook al 'n aantal uitstallers gewerf en Woensdagaand 24 Junie om 19h00 is daar 'n beplannings- en opvolg vergadering in die Gemeentesentruml. Alle belangstellendes en afgevaardigdes van bedieningsgroepe word hartelik uitgenooi.

word. Sulke inligting moet gekontroleer en aan die hele groep wat in die gebedsketting is deurgegee word. Dis ook waar ons terugvoer briefies Sondae oggende baie handig te pas kan kom.

Ds Freddie sal seker later vir ons presies laat weet hoe waar en wanneer. Dankie vir dié wat reeds u keuse deurgestuur het en hoop ons gaan van u ander ook hoor wat nog besluit.

Christus groete

Die Gebedsgroep

Alpha

'n Geleentheid om die betekenis van die lewe te ontdek

23 Julie—22 September

Elke Donderdagaand om 18:30.

Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein
van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

GEBEDSNETWERK

Kom ons begin mekaar as geloofsgesin daadwerklik te ondersteun deur deel te word van ‘n gebedsnetwerk.

HOE WERK DIT?

Jy neem verantwoordelikheid vir twee / drie gesinne. Dis jou verantwoordelikheid om hierdie gesinne gereeld te kontak en te verneem waarvoor voorbidding gedoen kan word. Daar moet elke dag vir die gesinne gebid word.

Jy is óók deel van iemand ander se verantwoordelikheid. Iemand anders kontak jou en jou gesin gereeld en doen vir julle voorbidding.

Vertroulikheid word ten alle tye gehandhaaf. Geen inligting mag sonder toestemming verder gekommunikeer word nie.

So bemoedig en versterk ons mekaar se geloof.

Ek bedoel dat, as ek by julle is, ons deur mekaar se geloof bemoedig kan word, ek deur julle s’n en julle deur myne. (Romeine 1:12)

HOE WORD EK DEEL?

Indien jy op die gemeente se sms-databasis is, sal jy van-oggend ‘n sms ontvang. Reageer deur te “reply”: “Opsie 1” of “Opsie 2” of “Opsie 1 en 2”. (Indien jy nie ‘n sms ontvang nie of nie deel van die databasis is nie, stuur ‘n sms aan 084 581 8139.) Indien jy reeds gereageer het, ignoreer asb. die sms.

Opsie 1 beteken: Ja, ek wil graag hê dat iemand my gereeld kontak en vir my bid.

Opsie 2 beteken: Ja, wil / is bereid om twee of drie gesinne gereeld te kontak en vir hulle te bid.

GELOOFOFFERFONDS

Hierdie fonds is geskep met die uitsluitlike doel om die aktiwiteite van die Getuienisaksie van die Gemeente te befonds. Elke lidmaat het deel aan die Getuienisaksie wat ten doel het om die gemeente se opdrag en roeping uit te voer. Die getuienistaak behels die bediening van die hele Evangelie aan die hele mens in die hele wêreld.

Die gemeente het reeds die afgelope Sondae kennis geneem van die werksaamhede van Aksie Arbeiders vir die Oes waarby ons gestuurde leraar, ds Jan van Jaarsveld, en sommige van ons gemeentelede betrokke is.

Van die belangrike aktiwiteite waarvoor die Geloofofferfonds voorsiening moet maak is die pensioen- en mediesefonds bydrae vir ons gestuurde leraar.

Verder is daar onder andere begroot vir borgskappe vir persone wat die Matlala-uitreik wil bywoon in Julie (R14 000) asook vir Helpende Hand betrokke by skuilings vir Blankes (R10 000).

‘n Beroep word op die gemeente gedoen om in die geloof weer bydraes te maak tot die fonds. Die opname vind vandag tydens die erediens plaas.

GETUIENISAKSIE : JAARVERGADERING

Die Getuienisaksie se jaarvergadering vind plaas net na afloop van die oggenddiens in die “Jeuglokaal” op die tussenvloer bokant die trappe.

Almal wat belangstel in die aktiwiteite van die Getuienisaksie is hartlik welkom om die vergadering by te woon.